Nuus24.com Tuis | Blogs | OLX Geklassifiseerd Jobs | Property | Cars | kalahari.com

DIE BURGER praat saam

VIDEO: Perde-eienaars kla oor DBV-optrede
Die manier waarop 'n perd Sondagaand in Philippi deur die Dierebeskermingsvereniging (DBV) van kant gemaak is nadat hy sy voorbene vroeër die dag gebreek het, het gister onder die loep gekom.

VIDEO: Kaartjies vir Bieber vlieg gou
Plaaslike Justin Bieber-aanhangers – oud en jonk – het gisteroggend soos dié in Johannesburg reeds vroeg in lang rye gestaan om kaartjies te koop.

Soek Argiewe

Burger op jou selfoon m.dieburger.com

Nuus Sport Sake Opinie MyDieBurger Multimedia Bylaes Boeke Motors Koerante Promosies

Markte | Ekonomie | Opinie

'n Jongleur van dans

2012-12-04 02:00

Mariana Malan

Artikelopsies Deel Kry Die Burger op

Sommige mense is nog nie bedrewe met sosiale media nie. Hulle vind Facebook en Twitter vreemde begrippe. Verrykte realiteit (augmented reality) gaan húlle behoorlik ruk.

Dan is daar tradisionaliste wat meen dans en ballet hoort op 'n verhoog. Ook vir hulle voer die choreograaf Jeannette Ginslov 'n paar verrassings in die mou.

Ginslov en Dominique Jossie het Screendance Africa in 2012 gestig. Ginslov beskryf die missie van hierdie maatskappy as "om plaaslike en internasionale dansrolprente te help ontwikkel, te vervaardig en te versprei".

"Ons probeer om die grense te skuif sodat mense dansvorme op die skerm kan geniet."

Sy verduidelik screendance is 'n sambreelterm waar elemente uit rolprent-, dans- en videokuns op een skerm saamgevoeg word. Dit is dus 'n interdissiplinêre kunsvorm.

"In 'n dansrolprent is gewoonlik 'n storielyn met 'n draaiboek en karakters. In 'n dansvideo is die choreografie die belangrikste. Dit word ontwikkel met die kamera se lens in gedagte. Daar word veral gekyk na die hoeke van waar verfilm sal word.

"Dan is daar die mees eksperimentele van almal – videodans. Dit het invloede van dogme, cinema verité en film noir. Dit gaan oor vraagstukke en het 'n oop einde. Dit ondersoek dinge en is ook die beste manier waarop die filosofie van die rolprentmaker oorgedra kan word."

Ginslov is 'n baanbreker in Suid-Afrika op die gebied van screendance. Sy het vanjaar na Suid-Afrika teruggekeer nadat sy meer as drie jaar in Kopenhagen met 'n beurs van die Deense - Kunsteraad gewerk en studeer het.

Sy het die graad MSc in screendance aan die Universiteit van Skotland in Dundee behaal voordat sy na Kopenhagen is.

Die Burger Deel Jou vriende beveel aan... Volg Die Burger News24.com-netwerk Meer

die Gordon-instituut vir die Uitvoerende Kunste in Kaapstad aangebied.

Sy vertel dat sy reeds in 1989 die moontlikhede van screendance begin ondersoek het.

Sy is 'n opgeleide klassieke danser, maar "nog altyd 'n aktivis". Haar eerste video, Sandstone, is by die Randse Afrikaanse Universiteit verbied.

"Ek het in 2000 in alle erns begin om video op die verhoog te gebruik. In 2006 het ek 'n meesterklas van Katrina McFearson in Londen bygewoon. Hier het ek werklik bewus geword van hoe 'n magtige medium screendance kan wees. Tegnologie en die internet bied aan kunstenaars 'n nuwe platform om hul werk te wys en bekend te stel. Dit is baie opwindend."

En dan slaan sy jou vir 'n ses as sy begin vertel van verrykte realiteit. "Dis 'n toepassing wat op onder meer slimfone en tablette gebruik word. Dit laat jou toe om virtuele inhoud soos video, 3D-animasie, klankgrepe en webbladsye te sien. Die toepassing herken beelde, simbole en voorwerpe in die regte wêreld en plaas dan inligting in 'n volgende laag hierop."

As dit jou asem wegslaan, gaan die toepassing daarvan dit waarskynlik te meer doen.

Sy beplan om dansers in verskillende dele van Kaapstad af te neem vir die Infecting the City-fees volgende jaar. Wanneer mense met hul selfone met die spesiale program (Aurasma) daarop dan op daardie plek kom, sal hulle die danser op die video sien dans.

MEESTE GELEES | E-POS | KOMMENTAAR

'Dis hartseer om die vonkel te sien verdof' – Graça
Ongeluk eis lewe van twee leerders
Madiba het 'n longinfeksie
Padvragreus is op sy knieë
Omroepers in trane ná poets

Trader24 BEGIN NOU
Ouer as 18 jaar?
Wil ekstra inkomste verdien?
WWW.TRADER24.COM

leserskring eboeke
www.eboeke.leserskring.com
eBoek
"Nou is daar die eerste behoorlike skryfgids in Afrikaans. Met 'n eenvoudige resep: jy leer van die meesters." Tim du Plessis
OM te SKRYF
Net R99
Om te skryf eBoek formaat
KOOP NOU

WEER | LOTTO

Ksd: 18-31°C Pta: 15-24°C
Jhb: 11-19°C Bfn: 12-26°C
Dbn: 15-23°C PE: 18-24°C
7-dag-voorspelling...

"Dit is 'n ontsettend kragtige middel in sosiale media met eindelose moontlikhede vir kunstenaars, asook adverteerders."

Die produksie wat sy wil verfilm, is 'n magies-realistiese storie, Midzimu ("meermin" in Sjona).

Dit sal 'n lineêre storielyn hê en die pad volg van 'n meermin wat van die see af tot bo-op Tafelberg vorder.

"Kyk, dans op die verhoog sal altyd bly. Dit sal nie verdwyn nie. Maar al hierdie heerlike nuwe speelgoed is tot my beskikking. En is dol daaroor om met alles gelyk te speel. Ek voel soos 'n baie suksesvolle jongleur."

)Besoek www.dieburger.com vir videos van Jeannette Ginslov se werke.

- Die Burger

e-pos artikel Druk artikel KRY DIE BURGER OP: Jou selfoon Jou Facebook-profiel

DEEL: Yahoo Google Digg del.icio.us Facebook Twitter

LEWER KOMMENTAAR OP HIERDIE ARTIKEL 0 reaksies

LEWER KOMMENTAAR

Kommentaar *1500 oorblywende karakters*

POS KOMMENTAAR

Ander stories in... Vermaak en Kuns...

'Soul of Fire' in Kaapstad

"Elke vertoning wil ek graag hê moet gehore se lewe effens verander. Daarom gee ek alles, asof ek vir die eerste en laaste keer die werk sing." Só sê Zanne Stapelberg aan die vooraand van die Kaapstadse speelvak van haar Latyns-Amerikaanse en Spaanse musiekproduksie Soul of Fire.

Tyd vlieg verby in Tolkien se wêreld

The Hobbit is 'n grootse avontuur van J.R.R. Tolkien se geliefde klein karakters – die dwerge en 'n nimlike hobbit met die naam Bilbo Baggins.

Williams makeer 'n mokerhou

Byklanke: Die Britse popster Robbie Williams het al verskeie personas gehad. Hy het soos 'n superkoel Bond in 'n snyerspak gepronk en op die omslag van sy Escapology-album soos 'n eietydse Harry Houdini onderstebo gehang.

B I N N E D I E B U R G E R

Spotprent

'n Fred Mouton-oomblik

Buite-bylaag

Goeie ou dae in die Hel, Timboektoe se katastrofe...en hulde aan "die vrou wat kortbroek dra"



BlouWilleMaandag

Umkhonto we Seetoe! My president sal sonder my sy tiervel-tekkie-oorwinningsdans moet doen.

Boeke

Wat's nuut op die rak? Resensies van nuwe boeke.

D I E N S T E

Subskripsies
Teken in op Die Burger:
intekenare@media24.com
0861 343 287

Nuusbriewe
Kies wat jy wil hê

RSS
Nuus eenvoudig afgelewer

Selfoon
Kry Die Burger op jou selfoon

Blogs
Jou opinie oor alles en almal.

BETREKKINGE - VIND JOU DROOMWERK

EIENDOMME - VIND 'N NUWE HUIS

REIS - BESOEK, BESPREEK, LAAT WAAI!

Dullstroom Delights

Spend three nights in Dullstroom's Dunkeld Country Estate from R3 785 per person sharing. Includes return flights, taxes, car hire and accommodation.

BOOK NOW!

KALAHARI.COM - DOEN VANDAG JOU INKOPIES AANLYN

kalahari.com

Winskopie van die week:
Coby-tablet

Nou R1299,95
Bespaar R300

Kragtig en veelsydig – die Coby-tablet laat jou toe om op die internet te snuffel, te sosialiseer, jouself te vermaak en nog veel meer. Koop nou.

Besoek www.kalahari.com vir miljoene boeke, musiek, DVD's, games & meer!

24.com

Web Advertensies/Dieburger.Com · Adverteer In Die Burger Koerant · Bepalings En Voorwaardes · Kontak Ons

© 2012 24.Com. Alle Regte Voorbehou.

DMMA MEMBER DIGITAL MEDIA & MARKETING ASSOCIATION